

**16 Februarie**

**Genesis 3:1-19**

***Twee verlossingsplanne (1)***

Sommer in die eerste nege verse lees ons van twee belangrike besoeke aan die mens in die paradys. Twee besoeke met die mees drastiese gevolge vir alle eeue. Eers besoek Satan die mens, daarna besoek die Here die mens.

Ons kyk vandag na die verlossingsplan van Satan. As iemand 'n verlossingsplan aan jou voorhou, belooft hy iets wat jou omstandighede drasties sal verander en verbeter. Waarvan wil Satan die mens daar in die paradys verlos? Hy wil die mens vrymaak van God. "Julle sal soos God wees", wat die onderskeid ken tussen goed en kwaad. Julle hoef nie meer onder Hom te staan en na Hom te luister nie, julle mag self besluit wat is reg en wat verkeerd. Hy sal die mens dus vrymaak. Vry van God! Selfstandig! Jy kan dan jou eie besluite neem! Kom los van God! - sê Satan dus. Word jou eie baas. Dit is presies wat vandag se mens ook soek - vryheid! Nie onder God nie, maar los en vry om te maak soos jy besluit. Vry om alle grense oor te steek.

Satan het ook vir die mens gesê: As julle God se heerskappy afskud, "sal julle oë oopgaan". En weet u, toe Adam en Eva geluister het, en van die vrugte van die boom geëet het, het hulle oë wel oopgegaan, maar al wat hulle gesien het, was dat hulle naak was. Niks word toe beter nie, maar wel slegter. En in plaas daarvan dat die mens toe dink hy is nou vry van God, gaan kruip hulle weg tussen die bome van die tuin toe hulle die Here hoor. Satan se verlossingsplan is vandag steeds op talle wyses aantreklik vir die mens en is maklik om te volg. Jy gooi oorboord en volg jou eie kop. Die woorde 'dissipline' en 'gesag' verval. Maar die gevolg? Jy is jou eie god, 'n mislukte god. Jou eie besluite is altyd verkeerd. Satan se verlossingsplan loop uit op niks.

Ds. H.J. Briel (Elandskraal)